**Laerskool Mikro**

# Nasionale Inperkingstyd

## Afrikaans Beplanning Graad 4

Week 10: 22 Junie 2020 – 26 Junie 2020

| DAG | HULPBRONNE | AKTIWITEIT |
|---|---|---|
| Maandag<br>22 Junie 2020 | ➢ Lyntjiesboek<br>➢ Begripstoets | Plak die Begripstoets in jou boek en voltooi skriftelik.<br>Merk van die memorandum af wanneer jy klaar is. |
| Dinsdag<br>23 Junie 2020 | ➢ Lyntjiesboek<br>➢ Powerpoint<br>➢ Taaltoets 1 | Kyk na die Powerpoint oor die twee tipes **Vraagsinne** wat in ‘n vraestel gevra kan word.<br>Plak Taaltoets 1 in jou boek en voltooi skriftelik.<br>Merk van die memorandum af wanneer jy klaar is. |
| Woensdag<br>24 Junie 2020 | ➢ Lyntjiesboek<br>➢ Powerpoint<br>➢ Taaltoets 2 | Kyk weer na gister se Powerpoint oor die twee tipes **Vraagsinne** wat in ‘n vraestel gevra kan word.<br>Plak Taaltoets 2 in jou boek en voltooi skriftelik.<br>Merk van die memorandum af wanneer jy klaar is. |
| Donderdag<br>25 Junie 2020 | ➢ Lyntjiesboek<br>➢ Taaltoets 3 | Plak Taaltoets 3 in jou boek en voltooi skriftelik.<br>Merk van die memorandum af wanneer jy klaar is. |
| Vrydag<br>26 Junie 2020 | | **GEEN BEPLANNING NIE<br>GENIET JOU NAWEEK!** |

Liewe Ouers/Voogde

Ek wil graag begin deur elkeen van u te bedank wat u kind deur die inperkingstyd gehelp het om die oorskakeling van skool na huis so maklik as moontlik te maak. Dankie vir al u harde werk, motivering en ondersteuning. Ek glo dat almal nou ‘n beter insig het van wat daagliks by die skool gebeur en dat u saam met u kind in hierdie tyd kon groei.

Ons is vir eers klaar met Kwartaal 2 se werk en sal binnekort vir u meer terugvoering kan gee oor hoe ons Kwartaal 3 gaan aanpak. Baie van u wonder seker oor die Afrikaanse mondeling wat u aan die begin van Kwartaal 2 ontvang het. Soveel dinge het intussen verander en die WKOD het die voorskrifte vir die Graad 4’s se kurrikulum heeltemal aangepas. Die kinders gaan wel nog die mondeling praat, maar dit sal nou in Kwartaal 3 of 4 geskied. Sodra ek meer uitsluitsel daaroor het, sal ek u in kennis stel. Die mondeling gaan dus nie verval nie, maar net uitskuif na ‘n ander kwartaal. Behalwe vir hierdie mondeling sal daar nog een ander mondeling hierdie jaar gepraat word wat gewoonlik ‘n lekker dialoog is wat die kinders saam in klastyd skryf.

Wees dus eers rustig tot ek weer met u kommunikeer. Ek sal u kind genoeg tyd gee om vir beide mondelinge voor te berei.

Vriendelike groete<br>
Lutzia Burger